

# 4

## ONS WAS DOOD, MAAR DEUR DIE GEES LEWE ONS WEER

### *Herskepping gee hoop*

#### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders moet weet dat almal sonde doen en die dood verdien, maar dat Christus ons daarvan verlos het.

#### **SPESIFIEKE DOELSTELLING**

##### **Kennis**

Die kinders moet weet wat dit beteken dat ons dood was as gevolg van sonde.

##### **Gesindheid**

Die kinders moet bereid wees om uit dankbaarheid goeie dade te gaan doen, omdat ons herskep is.

##### **Vaardigheid**

Die kinders moet iets goed gaan doen om te bewys dat hulle dankbaar is.

#### **MEER INLIGTING (Kolossense 2: 11-13; Galasiërs 5: 22-26)**

Die Heidelbergse Kategismus vra in vraag 88: *Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die nuwe mens?*

Die antwoord is soos volg: *Uit twee dele: die afsterf van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens.*

In Kolossense 2: 11-13 staan: *Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook besny, nie met die besnydenis wat deur mense verrig word nie, maar met die besnydenis deur Christus, en dit bestaan in die wegneem van die sondige natuur van die mens. Dit het by die doop gebeur deurdat julle toe saam met Hom begrawe is. Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook saam met Hom opgewek, omdat julle geglo het in die krag van God wat Hom uit die dood opgewek het. Julle was dood deurdat julle gesondig het en deurdat julle sondige natuur nog nie weggeneem was nie. God het julle egter saam met Christus lewend gemaak deurdat Hy ons al ons sondes vergewe het.*

## **'n Voorbeeld van die oorwinning van die nuwe mens oor die ou mens:**

Hierdie is 'n insident uit die lewe van 'n Hollandse predikant, ds Overduin, tydens die Tweede Wêreldoorlog toe Duitsland vir Nederland binnegeval het. Ten volle bewus van die gevaar wat dit vir hom inhou, het ds Overduin eendag sy preek min of meer so begin: *Ons kinders is gedoop in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Nie in die Naam van Hitler, Goebels en Goëring nie.* (Hierdie manne was deel van die gevreesde leër van Adolf Hitler, leier van die Nazi's.) Direk na die diens is ds Overduin gearresteer. Hy is gestuur na Dachau, een van Hitler se konsentrasiekampe. In hierdie kampe is mense wreed mishandel, vergas, en in gasoonde verbrand. Hulle moes in die bitterkoue sneeu werk met dikwels net een snytjie brood as kos vir 'n hele dag. Baie mense het siek geword en doodgegaan. Die Here het ds Overduin deur hierdie hel gedra, en hy het oorleef. Aan die einde van die oorlog kom hy daar uit, meer geraamte as mens, as gevolg van die wanvoeding.

Na die oorlog het 'n man wat oorgeloopt het na die Duitsers by hom uitgeklim. Niemand wou iets met dié man te doen gehad het nie. Almal het hom verag. Hy kon nêrens werk kry nie. Hy is na ds Overduin gestuur, wat bereid was om hom te help. Maar eers wou ds Overduin vir hom iets baie duidelik stel. Hy gaan hom nie help omdat hy wat Overduin is, 'n *saggekookte eiertjie (softy)* is nie. Want na die ou mens het hy lus om die man onder sy agterstewe te skop dat hy in 'n grag val en verdrink. Maar as 'n nuwe mens was dit glad nie vir hom moeilik om die man te help nie, want hy het self soveel genade van die Here ontvang – baie meer as wat hy ooit aan 'n mens kon betoon.

Hy het vir die man werk gekry. Na 'n tyd besoek die man weer vir ds Overduin. Hy sê dat hy nou verstaan wat Overduin vir hom gesê het. Hy het radikaal tot bekering gekom, gekatkiseer en belydenis van geloof afgelê.

Ds Overduin was 'n man wat werklik by die Bron van Liefde uitgeklim het en daaruit geleef het. Hy is 'n voorbeeld van hoe 'n mens wat erg onderdruk is, swaar gekry en honger gely het, deur God se genade in staat gestel is om te vergewe en lief te hê.

## **AANBIEDING**

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- Afskrif van die Heidelbergse Kategismus, vraag 88.

Die Heidelbergse Kategismus vraag 88: *Uit hoeveel dele bestaan die ware bekering van die nuwe mens?* Die antwoord: *Uit twee dele: die afsterf van die ou mens en die opstanding van die nuwe mens.*

**Neem kennis dat bogenoemde inligting op die Kerk se webwerf te kry is by [www.nhka.org](http://www.nhka.org). Volg die skakel *So glo ons*, en kies dan die betrokke dokument.**

## **KOM ONS BEGIN**

Laat dié wat wil, in die klas 'n paar dinge noem waarvoor –

- hulle dankbaar is; of
- waaroor hulle bekommerd is.

Maak 'n lysie daarvan. Gee geleentheid vir stilgebed, sodat elkeen afsonderlik kan bid met hierdie sake in gedagte.

## **HET HULLE ONTHOU?**

Vind uit of iemand tuis iets baie interessant raakgeloop het toe hulle ou doopfoto's en doopaandenkings gaan soek en daaroor met mekaar gesels het.

Laat 'n paar kinders Matteus 28: 19 opsê: *Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees.*

Kontroleer of hulle die volgende vrae kan beantwoord.

- Wanneer het God reeds aan ons gedink en hoekom? *Toe ek 'n baba was en niks verstaan het nie, het God reeds gedink ek is spesiaal, want ek behoort aan Hom.*
- Het ek God eerste gekies, of is dit andersom? *God het my eerste gekies, nog voordat ek Hom kon kies.*
- Met wat het God bevestig dat ons reeds deel van sy gesin is? *Met ons doop, maar vir dié wat nog nie gedoop is nie, sê God dit elke dag in die Bybel.*
- Waaraan herinner die doopwater ons? *Die doopwater herinner ons daaraan dat Jesus Christus my skoon was van my sonde.*

## **VANDAG LEER ONS**

### **BEGIN SO**

Hoe kan ek werklik lewe, soos die Here wil hê ek moet lewe?

Ek moet glo dat Jesus Christus my Verlosser is. Dis nie die *daad* van jou geloof in die eerste plek wat jou red nie, maar die *inhoud* van jou geloof. Dit is: Jesus, die gekruisigde Here, wat ook uit die dood opgestaan het, is my Verlosser en Saligmaker. In Romeine 10: 9 verduidelik Paulus dit: *As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word.*

### **IETS INTERESSANT**

Hou die volgende stellings voor en verduidelik dit, veral die lekker en geluk wat die nege vrugte van die Heilige Gees ons gee:

- Ons was dood, maar deur die Heilige Gees lewe ons weer, ons kan hoop om vir ewig by die Here te wees.
- Bekering volgens die Heidelbergse Kategismus is dat die ou mens in ons doodgaan en die nuwe mens in ons opstaan.
- Dit verduidelik Kolossense 2: 11-13 vir ons. Daar staan dat *Christus ons sonde weggeneem het by ons doop, want toe is ons saam met Hom begrawe. As ons aan Hom verbind bly deur in Hom te glo, word ons ook weer lewendig. Ons was dood omdat ons gesondig het – God laat ons weer lewe deur ons sondes te vergewe.*
- In Galasiërs 5 staan daar dat alles wat sleg en lelik is, deel was van ons lewe voor die Heilige Gees in ons kom bly het.

- Vandat die Heilige Gees in ons bly, is die mooi en goeie dinge deel van ons lewe: liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, nederigheid, getrouheid, goedhartigheid en selfbeheersing.
- Vertel hoe die Hollandse dominee kon vergewe en liefhê nadat hy die Here se genade verstaan het.

## **IETS BELANGRIK**

- Bekering is om God toe te laat om die ou mens in jou dood te maak.
- Hy het dit gedoen toe ons gedoop is.
- Hy laat 'n nuwe mens in ons lewe as ons die Heilige Gees toelaat om sy vrugte in ons te laat groei.
- In plaas van om te haat en slegte en lelike dinge te doen, gaan ons nou soos die Hollandse dominee liefhê en omgee.
- Lees Kolossense 2: 11-13 en Galasiërs 5: 19-26.

## **BY DIE HUIS**

### **DOEN**

Laat hulle hulle ouers vra –

- om vir hulle te vertel van iemand wat hulle ken wat opgehou het met 'n slegte lewe, met ander woorde, iemand wat tot bekering gekom het.
- om te vertel van die goeie dinge wat die Heilige Gees die persoon nou laat doen, met ander woorde, van die vrugte wat hy of sy dra.
- om saam met hulle iets goed uit dankbaarheid te gaan doen – om 'n geskenk te vat vir iemand in 'n ouetehuis of weeshuis wat dié week verjaar, om goedere by 'n sokkombuis te gaan afgee, of om warm kos vir 'n straatkind te gaan gee.

### **LEER**

Laat hulle die kenmerke van die sondige natuur en ook die vrug van die Heilige Gees uit Galasiërs 5: 19-23 gaan memoriseer.

*Die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodsdienst, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge... Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.*

Laat hulle die volgende gaan leer:

- Bekering is om God toe te laat om die ou mens in jou dood te maak en om dan soos 'n nuwe mens te lewe – om te maak soos Jesus sou maak.
- Hy het dit al in ons gedoen toe ons gedoop is.
- Hy laat 'n nuwe mens in ons lewe as ons die Heilige Gees toelaat om sy vrugte in ons te laat groei.
- In plaas van om te haat en slegte en lelike dinge te doen, gaan ons nou soos die Hollandse dominee liefhê en omgee.

**Voor jy afsluit: Vra dat elkeen volgende week 'n ou tydskrif saambring.**

### **AFSLUITING**

Sluit af met Gesang 271: 2 as gebed.

*Heil'ge Jesus, hoor my bede:  
Hervorm my hart, my krag, my rede;  
maak my al meer u beeld gelyk.  
Vorm my wil en ook my wandel,  
dat in my denke, spreke, handel  
in alles slegs u beeld sal blyk.  
Herskep opnuut, o Heer,  
my lewe tot u eer.  
Heil'ge Jesus,  
o heilig my,  
wil U my lei  
om my geheel aan U te wy. Amen.*